



STABILIS

Not your everyday Valentine's day



Flowers, music... and a diamond ring

Valentine's Day celebrations at Grey will never be the same again. Mr Sechaba Motsoele went to great lengths to arrange a perfect proposal during assembly on the 14th of February. Read the full story on page 4. Photo: Eduard Büchner

news

Social media is not always your friend; think before posting



Page 2

nuus

Moenie jou bottelproppies weggooi nie



Elke sak vol proppies kan daartoe bydra dat 'n gestremde persoon miskien gouer 'n rolstoel kan ontvang. Bladsy 3

kultuur

Indomitus mik na die hoogste sport

Inspirerende optrede tydens die Valentynsdag-verrigtinge dui aan dat standaard gestel is. Bladsy 5

diepte

8 Mei: nie 'n afdag nie - as jy nie gaan stem nie, kerm en kla jy nie



Bladsy 7

y'ello everywhere you go



Social media too social for learners

Social media expert Emma Sadleir recently discussed the risks and abuse of social platforms. Her main message was that digital content is dangerous content, especially as people are inclined to overshare on these platforms. Ms Sadleir discussed the different risks as well as the fact that so many people – especially teenagers and children – have misconceptions as regards these risks.

She emphasised that the first rule of social media is that there is no such thing as a 'free lunch'. Signing up to a free social media platform such as Instagram and Snapchat, we unknowingly give them full rights to use our social media content as they wish. Ms Sadleir also recommends that before you post something online, make sure that it is not too personal for social media.

Ms Sadleir, who has four law degrees and deals with many cases involving cyber bullying, states that the catch is that not only the bully is punished but also the people who witnessed it and did nothing to stop it. For example, if you are part of a WhatsApp group and there is a case of bullying committed by someone in the group, you will also be punished even if you did not contribute to the act of bullying at all.

South Africa's criminal capacity is 10. That means that 10-year-old can be held responsible for his/her own actions and can be criminally charged. She emphasizes the importance of using social media platforms safely and to always stay up to date, as the platforms change at a very fast pace.

- VLADIK SEAGREEN

Die tyd van klaskamer soek is verby

Nuwe geboue agter die H-blok spreek huidige spasietekort aan



Geen meer klasse in die biblioteek of in die Pawiljoen nie.

Foto: Eduard Büchner

Almal sien met groot opgewondenheid en afwagting uit na die eindproduk van die bouwerk wat sedert die begin van die jaar agter die H-blok aan die gang is, en net so, wonder almal presies wat gebou word.

Die strukture wat tans opgerig word gaan vier splinternuwe klaskamers, elk met sy eie klein stoor insluit, wat deel sal vorm van die G-blok. Daar gaan ook 'n kantoor

spasie gebou word, wat onderwysers kan gebruik om hul eie werk te doen en om administratiewe take te verrig.

Daar is reeds vir 'n geruime tyd, 'n duidelike tekort aan klaskamer spasie. Dit is duidelik te sien aan die feit dat verskeie onderwysers hul klasse in onwaarskynlike plekke moet aanbied, soos byvoorbeeld die pawiljoen, die biblioteek en ook in die koshuis saal. Dit was vir 'n kort rukkie 'n oplossing maar is uiteraard

nie ideaal is nie.

Volgens Mnr Pieter Wessels, sal twee van die klaskamers vir IGO en Tegnologie onderskeidelik gebruik word, terwyl die ander twee klaskamers vir Mnr Casling en me Van der Merwe se gebruik geormerk is.

Mnr Van der Walt en Mnr Van Rooyen sal dan vanaf die S-blok na die nuwe klaskamers skuif, vir IGO en Tegnologie en Mnr Seekane en

Mnr Matsoele sal dan in die vakante S-blok klaskamers inskuif.

Die beraamde tydperk vir voltooiing van die konstruksie, is middel April maar die klasse sal eers in gebruik geneem kan word, sodra die korrekte meubels, hulpmiddels en tegnologie geïnstalleer is. Die totale verskuiwings proses behoort dus teen die einde van April 2019 voltooi te wees.

- WOUTER VAN ASWEGEN

2014 matric receives Rhodes Scholarship

Nkhiseng Ralepeli matriculated in 2014. In 2018 he was the proud recipient of a Rhodes Scholarship. As a learner, he had a focussed interest in politics and related fields. This formidable debater was part of a group of four Grey debaters who travelled to the Czech Republic to partake in a debating tournament.

He went on to study Law at the UFS and completed his LLB-degree in 2018. However, his drive for further studies never abated and in answer to this desire, Nkhiseng was awarded a Rhodes Scholarship. He was also awarded an Abe Bailey Bursary earlier in his studies.

At university he used debating as a platform to address social issues in South Africa. He has represented the UFS at various debating tournaments such as

the World Universities Debating Championships. Nkhiseng will be leaving for Oxford University in the

UK in September this year to further his legal studies.

- OLWETHU SIFUMBA



Nkhiseng Ralepeli (centre) with debaters in 2013.

Photo: Supplied

Mnr Wessel Wessels leef voluit

Mnr Wessels is in Bloemfontein gebore en getoë. Hy begin sy skoolloopbaan op Sand du Plessis en voltooi graad 10 tot 12 aan die Hoërskool Diamantveld op Kimberley.

Op skool is hy 'n kranige sportman en neem deel aan rugby, krieket en tennis en boks vir die Vrystaat.

Van kleins af het hy al skoolskool begin speel met sy niggies en nefies, met hom as onderwyser en die familie as die leerders. Dit was dus geen verrassing toe hy onderwys gaan studeer het aan die Universiteit van die Vrystaat nie.

Hy begin sy onderwysloopbaan in Oos-Londen waar hy vir 13 jaar by Hoërskool Rex skoolhou. Daarna het hy vir 21 jare by Navalsig in Bloemfontein skoolgehou en vir twee

jaar by die Academy of Excellence, 'n privaatskool in Bloemfontein. Grey se aanbod was toe vir hom perfek.

In 2019 sluit hy aan by die Grey-familie, waar sy pligte Afrikaans-onderdig en na-skoolse betrokkenheid by rugby en krieket insluit. Hy het mnr André Bester se plek as Afrikaans-onderwyser ingenem.

Sy wens vir elke Grey-seun is dat hulle die wonderlike geleentheid wat die skool hulle bied sal aangryp en 'n sukses van die lewe sal maak.

Mnr. Wessels is 'n gesinsman wat al 34 jaar getroud is, drie kinders het en ook nou die trotse oupa van 'n kleinkind is.

Sy leuse in die lewe is om nooit op te gee nie, want 'n mens weet nie wat môre bring nie.

- DE BRUYN GROENEWALD

A legend in his time departs for greener pastures and Phalaborwa's extreme heat

Mr Johan Human, a stalwart in the Physics department has decided that after 13 years in the service of Grey College, the time has come for him to explore other avenues. He will be leaving Grey College at the end of April to pursue his physiotherapy career. This soft-spoken, patient teacher carved his name on the walls of greatness in his time as Physics teacher and many learners attest to the level of understanding they were able to reach under his tuition.

Mr Human did not limit himself

to teaching Physics to high school learners; he resigned after his first four-year stint of teaching in order to qualify as a physiotherapist. This completed, he was again appointed at Grey while also conducting a private physiotherapy practice. He also coached high jump and travelled overseas on several occasions to accompany athletes in his care; notably, he also accompanied Wade van Niekerk overseas.

He obtained his Master's degree in physiotherapy while also teaching

and working in his practice – an indication of his unyielding work ethic and determination not to stagnate. This is also why, when the opportunity presented itself, Mr Human decided to establish his own physiotherapy practice in Phalaborwa. In answer to a comment about his move to a very hot part of South Africa, he observed that the recent hot summer and drought prepared him for the move to Phalaborwa.

In his very limited free time,

Mr Human expresses his creativity in painting. He is a passionate wildlife photographer and cites this as another good reason to uproot and move to where photography opportunities are probably more accessible.

This very talented and intelligent man will undoubtedly make a success of his new beginning. His leaving will leave an enormous gap, but his legacy will undoubtedly remain.

- VLADIK SEAGREEN



Keer terug na persoonlike verhoudings en leer ken jousef

G4C het hulle jaarlikse jeugweek aangebied gedurende 29 tot 31 Januarie. Soveel as 200 seuns het elke aand in die Grey Paviljoen bymekaar gekom om die Here te prys, na 'n boodskap te luister en om in groepe te gesels oor dinge van die woord en die hart.

Hierdie jaar se tema was baie gepas *Face to Face* en het oor die belangrikheid gegaan om aangesig-tot-aangesig-verhoudings met mense en met die Here te hê. Die sprekers was Wian Vos en Tanya de Kock. Die seuns het weereens besef dat dit belangrik is om 'n intieme verhouding met God te hê. So ook is dit belangrik om met jou mede-Christene te gesels en egte verhoudings te hê waarin jy jousef kan wees. Wian en Tanya het ook pouses met die seuns en personeel gesels en het deur die week praatjies in die saal met die seuns gehad. Aangesien die sprekers ook professionele lewensafrieters is, kon baie seuns waardevolle gesprekke met hulle voer en goeie, inspirerende raad kry. Wian is ook 'n sanger en musikant en die lofsang was 'n unieke ervaring.

Wian is van die bediening *Weet jy dat God jou liefhet?* en stap reeds 'n lang pad met die Grey-seuns. Hy het in 2016 inspirasie vanaf die Here ontvang uit Mattheus 28:19&20 om 'n Bybel-gebaseerde groep te begin vir tienerseuns en hulle ouers om hulle te leer, te inspireer en te bemagtig om hulle lewe ten volle uit te leef as dissipels vir Christus.

Wian tree sedert 2016 as mentor op vir die Grey seuns. Die Here het aan hom gewys om selfoontegnologie te gebruik om die seuns te bedien. Dit gebeur dikwels dat seuns hulle harte vir die Here gee, maar sonder inspirasie en ondersteuning soms weer stoom verloor. Seuns kan inskakel op 'n *WhatsApp*-groep en kry so inspirerende boodskappe vanaf tydgenote, bekende sportsterre soos Warren Whiteley en kunstenaars wat hierdie projek ondersteun en gereelde boodskappe uitstuur; positief, relevant en hedendaags.

Alle Grey seuns word uitgenooi om weekliks op 'n Woensdagaand by G4C aan te sluit waar jy toegerus word met gereedskap om die lewe aan te pak en saam die Here kan loof en prys.

- ALBRECHT BOTHA

'n Bottel se proppie is meer as net 'n toemaakding

Murray-huis se proppie-projek hou aan groei



V.l.n.r. Luhan Serfontein (wenner graad 9), Jared McIntyre (stigter van die Mustang Wheelchair Rugby-klub), Peter West (afrieter), Tristin Geddes (wenner graad 8), Mariné van der Walt (spanmaat). Foto: Verskaf

Hoe maak 'n mens as jy verlam is en nie 'n rolstoel kan bekostig nie?

Gelukkig is daar iemand soos Jared McIntyre wat self in 'n rolstoel is - wat verstaan hoe dit voel en weet hoe 'n positiewe impak 'n rolstoel het - nie net in die gestremde persoon se lewe nie, maar ook in die lewens van die mense wat hom versorg.

Murray-huis se proppie versameling het begin in 2017 toe 'n berig in die Volksblad verskyn het oor Jared en die *Mustang Rolstoel Rugbyklub* in Bloemfontein, wat proppies van verskeie skole in die stad ontvang het. Mense het die proppies geskenk en dit is toe gewas, gesorteer en verkoop. Die geld is toe gebruik om aan behoeftige jongmense rolstoel te skenk. Die persone is dus ook 'n kans gegun om ook deel te neem aan sport vir gestremdes.

Ongeveer 450kg mooi gesorteerde doppies kan een rolstoel aankoop. Enige proppies van 2 liter, 500ml en 450ml koeldranke, 2 liter vars melk asook 2liter joghurt bottels, 1liter lang-lewe melk en enige 1liter vrugtesap, asook enige waterbottels, kan gebruik word.

In 2017 en 2018 is 30kg proppies aan Jared oorhandig. Einde 2018 is die inkomende 2019 graad 8's te versoek om elkeen minstens 1kg proppies saam te bring tydens hulle intrek in Murray-huis. Hierdie idee is geplant die dag in 2018 toe Ulrich Schoeman, toe 'n nuwe graad 8 met sy aankoms by Murray-huis 'n sak vol proppies afgelaai het. Met Tannie Kim, Murray-huis koshuismoeder se inisiatief, is die projek begin.

Grey-werknemers het ook deelgeneem aan die projek: Hamilton

Hall se personeel het amper 10kg bymekaar gemaak en Suzan en Nnini, die dames wat sorg dat Murray-huis skoon is, het onderskeidelik 9 en 8kg elk bymekaar gemaak. Daar was ook 'n kompetisie tussen die seuns en die wenners, Tristan Geddes met sy 9kg en Luhan Serfontein met sy 8kg proppies, het elkeen twee fliek kaartjies gewen.

Op 3 Februarie het Jared en sy spanmaats Murray-huis besoek en 130kg proppies is aan hulle oorhandig en op 8 Februarie 2019 het Jared die Grey-seuns toespreek.

Sportmanne sal kan verstaan hoe frustrerend dit is as hulle as gevolg van 'n besering nie kan speel nie... dink net hoe voel iemand wat glad nie kan beweeg nie... 'n koeldrank proppie is nou meer as net iets om 'n bottel toe te maak.

- GIDEON BRESLER

Mrs Hester Roos takes her final bow

After a period of 13 years and four months, Mrs Hester Roos has decided to cease her teaching career, one year short of her official retirement date.

She says she is leaving in order to still enjoy quality time with her grandson, and to focus on other aspects of life.

Mrs Roos was Head of English Home Language for a period of 13 years. She also taught German for two years after which she was involved solely with senior English.

She states that her interaction with the learners in class was conceivably the best times of her teaching career, especially when the learners realised that their interaction was essential.

Mrs Roos was in charge of debating until last year when she handed over the reins to Mrs Verenie Albertse. She was also involved with the *Stabilis* newspaper as head of the News section.

Leaving a place where you have been settled for so many years, is never an easy decision and Mrs Roos says that she will reflect with longing on every aspect of Grey. She has no particular plans to keep busy after her retirement, yet she believes that something will come her way.

So, this is goodbye from the teacher with the purple hair.

- JOSHUA LOWE

NB DATES

1 May:
Workers Day

1-3 May
Rugby Wildeklawer

2-5 May:
Tennis Kearsney festival

6-10 May
Drama FS Art Festival

11 May:
Inter: Paarl BH (BFN)

18 May:
Inter: Affies (BFN)
Grey Ball

Me Karen Venter verruil basse vir soprane

Me Karen Venter het aan die begin van Desember onverwags gehoor dat sy aangestel is as Wetenskap- onderwyser by die Saint Michael's School for Girls. Daar was dus nie tyd vir haar om die Grey Kollege personeel en seuns behoorlik te groet nie maar sy noem dat sy wel verlang na baie aspekte van haar vyf jaar as onderwyser by Grey.

Sy meld ook dat die tydperk by St Michael's vir haar nogal 'n aanpassing was op vele gebiede. Sy moes gewoon raak aan klasse met net meisies ...en ook die drastiese verskil in stemtoon.

Blykbaar werk die dogters ook baie hard en doen ook graag en getrou huiswerk in boeke wat netjies en kleurvol oorgetrek is. Me Venter sê sy werk ook baie hard maar sy geniet

elke oomblik.

Haar nuwe kollegas is baie ondersteunend vir die nuwe Wetenskap- onderwyser en daar



Me Karen Venter Foto: Verskaf

word ook lekker gelag en gesels tydens pouses. Daar is 'n gevoel van samehorigheid en eenheid. Sy meen ook dat as daar oorlog sou uitbreek, weet sy dat sy nie alleen staan nie want daar is 'n hele weermag van sterk vroue agter en langs haar.

Juffrou Karen bedank elkeen wat vir vyf jaar deel gehad het in haar vorming as mens; vir al die liefde en ondersteuning wat sy kon ervaar.

Sy is dankbaar vir vriendskappe wat haar 'n leeftyd gaan hou. Sy wens almal 'n lewe van regverdigheid, lig en waarheid toe en groet almal tot weersiens, moontlik langs 'n sportveld of net iewers in 'n onverwagse plek.

Hambani kakuhle!

- FRANCOIS HAASBROEK

Proud sponsors of
Grey College Sport



Valentynsdag soos dit moet wees

Een maal per jaar is daar die gebruiklike berig oor Grey se Valentynsdagviering. Elke jaar is die berig ongeveer dieselfde – wat kan tog gesê word behalwe hoe mooi die verhoog versier was, hoe mooi die musiek was en hoe die seuns en personeel die verrigtings geniet het.

Hierdie jaar was die viering egter iets heel anders; 'n bykomende dimensie wat sekerlik sal voortbestaan in die skool se Valentynsdag herinnerings. Daar was wel musiek. Daar was wel blomme, liefdesliedjies, ballonne. Daar was geskenke van meisies en van mamas af en daar was sekerlik ook teleurstelling by die gebrek aan verwagte geskenke.

Maar hierdie jaar was daar ook 'n bykomende item; 'n diamantring.

Nuwe Grey onderwyser mnr Sechaba Matsoele het beplan om die aand na Valentynsdag verloor te raak aan me Nonhlanhla Mthembu. Me Cheré Jordaan het toe 'n beter plan voorgestel: dat hy die opwinding deel en die jawoord vra tydens die Valentynsviering in die saal, voor die hele skool. En dit was toe so.

Me Mthembu was letwat uit die veld geslaan toe sy genooi is om deel van die viering te wees. Maar toe sy genooi is om vorentoe te stap, en mnr Matsoele instap en op een knie voor haar sak, kon sy nie anders as om "ja" te sê nie. Die saal het ontplof soos die seuns gejuig het oor die romantiese, perfekte oomblik en verskeie dames het erg bewoë geraak.

So het Valentynsdag vir een pragtige paartjie 'n onvergeetlike dag geword. Mag die liefde vir altyd voortduur.

- JOSHUA LOWE

Ontgroening word oriëntering vir gr 8's

Outydse gebruike van vernedering is nie meer relevant nie



"Newies" met hulle plakkate lyk asof hulle die oriëntering geniet.

Foto: Verskaf

Doop, ontgroening, insouting of inisiasie; almal woorde wat die belangrikste tyd in 'n graad 8 se lewe beskryf. Praat jy egter van ontgroening strek die menings van positief tot negatief; sommiges wat dit aanprys en ander wat dit verdoem. Wêreldwyd word ontgroening ook onder die vergrootglas geplaas deur organisasies soos CURE (Coalition to Uproot Ragging from Education). Die vraag bly egter: "Waarom

word die ontgroening-spoek nie begrawe nie?" Jaarliks word ontgroening afgeskaf, verminder of verander. Is hierdie afskaffing ten koste van tradisie - of is tradisie uitgedien in ons vinnige veranderende wêreld? Die algemene konsensus was dat ontgroening belangrik is omdat dit die graad 8 groep 'n hegte eenheid maak met 'n visie vir die skool. Ontgroening wys vir die Newies dat

hulle laerskool-prestasies hulle nie belangriker maak as die res van die groep nie. Dit breek af en herbou ter selfde tyd. Is ontgroening nog relevant in 2019? "Dit is net so belangrik, indien nie meer belangrik, as in 1919," meen skool leier Ian Small-Smith. Moet ontgroening 'n keuse wees? Hierdie vraag word al lank gedebatteer, maar volgens meeste kinders moet dit nie wees nie.

Die uitdagings wat plaasvind kom van beide partye af. Die prefek wat skielik mag kry moet versigtig wees om nie sy mag te misbruik nie. Die teenstelling is dat die kind wat Grey toe kom weet dat hy ingesout gaan word en daarvoor moet voorberei. "Die insouting word gekontroleer met die skool se tradisies en toekoms as afhanklikes van die sukses," beaam Ian. - PIETER SCHALK GROBBELAAR



Proud supporter of Grey College



POWERADE

PROFIEL

Waar in die wêreld is... André Volsteedt

André Volsteedt was in 1993 onderhoofseun stad. Sport was 'n baie groot deel van sy skoolloopbaan en toe dit tyd word om 'n beroep te kies, het hy geweet dat dit in 'n sport rigting sou wees. Die siftingsproses was vir hom eenvoudig; hy wou nie heeldag in 'n kantoor sit nie; hy wou die wêreld verken; hy het besef dat afrigting nie sy forte was nie en sy belangstelling was in fiksheid en wetenskap. Dit is dus hoe hy gevorder het tot waar hy nou is: 'n fiksheidvoorbereiding afrigter. Huidig is hy die fiksheidsafrigter by die Stade Francais in Parys. André is getroud met Trudie, 'n mediese dokter en hulle het twee dogters, Minke (9) en Mila (6). André se kontrak in Frankryk moet nog twee jaar verloop. Hy het baie onvergeetlike herinneringe van sy skooljare by Grey. Veral Vrydae se saalperiodes periodes is helder in sy geheue; sprekers soos veral van Sir Lourens van der Post, Clem Sunter en mnr Volsteedt se motiveringspraatjies en staaltjies oor Grey se legendes.

Hy sal ook altyd vir Dirkie Froneman onthou: 'n ongelooflike kind wat baie mense se lewens



André saam met die welbekende oud-Greys, Robert Ebersöhn en Piet van Zyl, in Frankryk. Foto: Verskaf

gaan koffie drink. Op Grey het hy ook lewenslesse geleer. Een insident was uitstaan is toe hy eenkeer toe hy te groot vir sy skoene was, deur Hansie Cronje aangespreek is. Hansie het vir hom gesê dat hy altyd moet probeer om die minste in die lewe te wees en die mense om hom te dien – veral in spanverband. Hy het al verskeie interessante ervarings gehad, en veral een insident aan die begin van sy tydperk in Frankryk staan uit. Voor sy eerste tuiswedstryd teen Racing Metro wat Stade Francais se aartsvyande is, stap hy na die reserwe haker Laurant Sempere en wens hom sterkte toe en sê iets in die lyn van: "Maak 'n verskil as jy op die veld gaan". Tussen sy trane deur gryp hy toe vir André agter die kop en slaan hom met sy kop dat hy sterre sien. Hy sê toe net in Frans: "Je suis prête" - "ek is gereed." Hy glo dat Grey sterker en groter as enige individu is, en die mag van eenheid en samehörigheid is gevestig by die seuns en onderwysers. Mag dit altyd voortduur. - VLADIK SEAGREEN

Besige jaar met 'n verskeidenheid van opwindende optredes wag vir groep

Indomitus-sanggroep stel reeds vroeg 'n hoë standaard

Die bekende Indomitus-sanggroep het die jaar op 'n hoë noot begin. Die besige begin het gevolg op die eerste paar weke van harde werk en ure se oefentyd, want die nuwe 'repertoire' moes eers deeglik aangeleer word.

Die vrugte van die harde werk is gepluk by verskeie meisies-koshuise, waar Indomitus se Valentyn-sêr met groot opgewondenheid ontvang is. Volgens tradisie het Indomitus op die vooravond van Valentynsdag eers by Eunice se koshuis gesing, en daarna by Oranje en Sentraal se koshuise.

Hulle sêr-program het bestaan uit vier bekende liedjies, naamlik 'Attention' van Charlie Puth, 'Girls like you' van Maroon 5, 'Castle on the Hill' van Ed Sheeran en 'Fine by Me' van Andy Grammer, alles items wat met groot entoesiasme deur Indomitus uitgevoer is.

Na die besoek aan die skoolkoshuise het hulle ook by die Indomitus-lede se meisies gaan sêr, wat hierdie Valentynsdag vir die meisies onvergeetlik gemaak het. Die laaste item van die aand was 'n onverwagse besoek aan die dameskoshuis Amelia op die kampus van die UV.

Een van die seuns het spontaan voorgestel dat hulle by sy studentevriendin by Amelia gaan sing, en toe hulle weer sien was die koshuis se balkon gevul met studentedames wat luidkeels "cheer".

'n Eerstejaar mediese student wat ook in Amelia bly, het later opgewonde vertel: "Ons het eers gedink dat dit een van die manskoshuise was wat kom sêr het vir Valentynsdag, maar ons het gou besef dat dit nie moontlik was nie, want die verskil was dat hierdie groep 'actually' kon sing!" Sy het ook vertel watter aangename verrassing dit was en dat dit hulle aand baie opgehelder het.



Die Con Spirito-sanggroep van Oranje Meisieskool tree op in die Reüniesaal.

Foto: Eduard Büchner

Indomitus het dus hulle sêr-aand op 'n suksesvolle not geëindig en daarna was dit dit vir die stemme om 'n bietjie te rus voor Valentynsdag se besige program gevul met verdere optredes. Valentynsdag is elke jaar 'n hoogtepunt vir Indomitus. Een van die lede sê: "Wie sal nie gelei word indien 'n hele saal vol meisies jou toejuig nie?"

Die opvoering elke jaar in Oranje se skoolsaal was ook die eerste keer dat Indomitus hul hele program voor 'n hele skool opgevoer het. Na Indomitus se vier liedjies het Con Spirito, Oranje se sanggroep, geantwoord met twee 'medleys' van hul eie.

Laaste, maar sekerlik nie die

minste nie, is daar die eerste keer kennis gemaak met Oranje se eie 'Drumline'. Nadat aktiwiteite in Oranje se saal afgesluit was, het Indomitus saam met Con Spirito vertrek na Grey, waar die volle Valentynsdag-program ook in die Reüniesaal opgevoer is.

Indomitus sal later vanjaar weer by die kunswedstryd optree, asook by verskeie interskole soos by Affies van Pretoria en Paarl Boys High. Veral die mededinging teen Affies op kultuurgebied sorg elke jaar vir gehalte en kwaliteit uit die boonste rakke. Hierdie interskole-optredes gee ook die ideale geleentheid aan verskeie groepe wat min geleentheid kry om voor groot gehore op te tree. Groepe soos die Grey Gumboots, die

verskillende Marimba-groepe, die Drumline en orkesgroepe kry die geleentheid om hul vordering ten toon te stel.

Dit bied ook aan alle groepe die geleentheid om hulle te slyp vir die Musiekfees, wat aan die einde van die derde kwartaal in die Sand du Plessis-teater aangebied word.

Vir Indomitus sluit die jaar dan in die derde kwartaal af met die jaarlikse optrede by die Grey Musiekfees. Alle lede van Indomitus is natuurlik ook lede van die koor. Daar lê dus nog honderde ure se oefentyd voor ten einde werk van dieselfde gehalte te lewer. Die hele Grey-gemeenskap sien uit na wat nog gaan kom.

- MIKAEL VON ESCHWEGE

Voortrekkers kry tyd om uit te reik ten spyte van program vol aksie en pret

Grey se Voortrekker-kommando, die Pres MT Steyn-kommando, is vernoem na 'n oud-Grey, nie noodwendig slegs na 'n voormalige president van die Vrystaat nie. Die getalle van die Voortrekkers bly konstant en neem selfs effens toe.

Mnr. Pieter Wessels, wat

betrokke is by die kommando, sê: "Ons het vanjaar 'n hele aantal graad 8's bygekry. Ek dink ook dit help dat ons kommando nie slegs uit seuns van Grey bestaan nie, maar dat daar ook 'n hele paar meisies van Oranje en Eunice betrokke is."

Daar is 'n magdom aktiwiteite

waar lede van die Voortrekkers betrokke kan wees. Deur die loop van die eerste kwartaal het die kommando voortgegaan met hul uitreik-projek by die Lerato Creché by Bainsvlei. Oor die afgelope twee jaar het lede van die kommando gesorg vir die opgradering en instandhouding van dié sentrum se fasiliteite. Dit sluit in nuwe speel-fasiliteite soos swaai en 'n klimnet, verfwerk en klein plastiek-motorfiets vir die kinders.

Ongeveer 20 lede van die kommando het ook die jaarlikse provinsiekampe op Doornkloof bygewoon tydens die Maart-vakansie. Die graad 8's was op Ontdekkerskamp, die graad 10's op Leierskamp en die graad 11's het die uitdagende Veldkamp aangedurf. Alex Els en Elrike Viljoen is verkies aan jeugleiers van die provinsie, iets waarop die kommando baie trots kan wees. By die graad 11-kamp, Veldkamp, het mnr Piet Viljoen en me Elma Viljoen, albei betrokke by Grey se Voortrekkers, weer opgetree as kompleier en adjunk-kompleier.

Ontdekkerskamp, waar die graad 8's gekamp het, is 'n besige

kamp waar daar gewoonlik gewerk word vir een of twee kentekens. Een van die hoogtepunte van hierdie kamp is die jaarlikse 'Katvoet', 'n operasie wat meestal in die donker nag van Doornkloof plaasvind.

Doornkloof behoort aan die Vrystaatse Voortrekkers en kan omtrent 40km buitekant Kroonstad, in die rigting van Lindley, gevind word. Dit is 'n plaas vol historiese karakter en is ook die plek waar die graf van Sarel Cilliers, aflegger van die gelofte by Bloedrivier, gevind kan word. Daar is 'n klein, maar volledige museum waar die geskiedenis van die omgewing en die Voortrekkers as 'n jeugbeweging, uitbeeld.


Verdere hoogtepunte in die jaar is volop: Daar is die Winterkamp aan die begin van die Junie-vakansie. Hier kan 'n jagkursus bygewoon word of enige ander kursus wat natuurlik te doen het met natuurbeleving. Vir diegene wat egter lus is om 'n bietjie see toe te gaan is daar die jaarlikse Seejool, wat sorg vir 'n lekker wegbreek in die vakansie. Die seuns (en meisies) wat betrokke is by die Voortrekkers, geniet dit baie.

- WIESNER HECHTER



Die Voortrekkers is reeds twee jaar betrokke by die Lerato crèche oorkant Bainsvlei se polisiestasie. Foto: Verskaf

Bechstein piano in Reunie Hall has a significant history



Carl Bechstein, piano-maker.

The beautiful piano in the Reunie Hall has been in use for almost a century. The piano itself is a Bechstein piano dated 1907, making this piano 112 years old. According to Mr Dana Cilliers, music teacher and a pianist himself, the piano has reached the end of its productive lifetime.

Carl Bechstein founded the C Bechstein Pianoforte Company in 1853 in Berlin, Germany. The young Carl Bechstein studied in France and England as a piano craftsman before becoming an independent piano manufacturer. His first pianos were made for other companies and did not carry the name Bechstein.

Bechstein had the idea to manufacture a sturdy piano, able to withstand the great demands imposed on the instrument by the virtuosi of the time, specifically Franz Liszt. In 1857 Hans von Bülow (Liszt's son-in-law) gave the first public performance on a Bechstein grand piano by performing Liszt's Piano Sonata in B Minor in Berlin.

Since that first performance, Bechstein pianos had become a staple in many concert halls and private mansions. The three great manufacturers of the time were Bechstein, Blüthner and Steinway & Sons. In 1881 Bechstein provided pianos to Queen Victoria.

Some of these pianos (including a gilded art-case piano) are still on show in Buckingham Palace and Windsor Castle in England.



An art-case Bechstein piano.

Carl Bechstein eventually became so popular as a manufacturer of quality pianos that the company opened branches in London, Paris, Vienna and Saint Petersburg.

Some of the well-known composers who composed on Bechstein pianos include Béla Bartók, Maurice Ravel, Edvard Grieg and Alexander Scriabin.

REDAKSIONELE
KOMMENTAAR
STABILIS



Die hoofokus van leerders by Grey moet wees om balans te handhaaf

Die Travis High School in Amerika het 3067 dissiplinêre aanmeldings in een jaar gehad, 1390 die jaar daarna en 880 die volgende jaar. Die gebruik van veiligheids gordels in Amerika het van 15% na 68% toegeneem binne 2 jaar. 'n Nuwe houding het 'n nuwe gewoonte geraak So, hoe skep jy 'n sosiale epidemie by Grey Kollege?

Akadiese onderrig was nog nooit en dit sal nooit die hoofokus van skool wees nie. Die hoofokus van skool is om tydens die harde realiteit van die lewe, die vemoë aan te leer om teenspoed te verwerk. Dit is met hierdie persoonlike kapasiteit waarmee jy boelies, die geskinder, spanning, ongemak, onsekerheid, frustrasie, afleiding, hartseer, terugslae, pyn, ongemak en selfs trauma hanteer. Tog misluk leerders in die werklike hoofokus van skoolbywoning.


Jy misluk wanneer jy te lui is om die pen op te tel en jou huiswerk te begin skryf. Jy misluk wanneer jy klas bank. Jy misluk wanneer jy laat is vir oefening of vir klas. Jy misluk wanneer jy nie respek het vir ander mense nie. Jy misluk wanneer jy nie volgens jou eie akademiese vermoëns presteer nie. Tog is jou hoofokus nie 'n punt of simbool op 'n bladsy nie.. Die fokus is om die dryfkrag te hê om dit te verander.

Die teenoorgestelde is ook waar. Miljoene leerders speel "Fortnight" aanlyn met hulle maats. Hier funksioneer jy in jou perfekte wêreld. Jy het verantwoordelikhede, pligte, take en nuwe kanse. Jy beleef passie, energie en prestasies. Jy is gedissiplineerd, en jy verbeter en bou jou omgewing.

Jy het dus reeds die Fortnight vaardigheid, houding en gedrag wat nodig is om 'n radikale verandering met 'n reuse impak binne 'n kort termyn binne jou en jou eie vriendekring te veroorsaak.

'Raak verlief op jou Fortnight houding. Raak verloof aan nuwe gewoontes.

Wees vernuwe in jouself, Wees die virus.



Gala-optogte is sekerlik die beste in jare



Geagte redakteur
As ouer en oud-Grey is dit lekker om die gees te ervaar en somer net te kyk waarmee

die seuns vorendag kom in die gala-optogte.

Die standaard van beide Stad en Koshuis se optogte was opvallend. Dit is sekerlik toevallig dat daar in beide gevalle gebruik gemaak is van verbyvlugte. Die helikopters was seker meer opwindend, maar die verbyvlug van die vastevlerk-vliegtuig was net so lekker.

Daar word seker elke jaar 'n tyd gestel vir die afhandeling van die optogte, en in sommige jare is dit

nodig, want dit kan baie vervelig en herhalend raak. Hierdie jaar was 'n uitsondering, want albei optogte kon maklik nog langer geduur het.

Die "brug" oor die water waaroor die rasielers kon loop was 'n wenner en waarskynlik die grootste hoogtepunt van die twee optogte. Dit kry ook almal betrokke en lyk somer net goed.

- Altyd 'n Grey-ondersteuner

'Smallie' sal bly veg vir Grey

Ian Small-Smith soek tyd om alles voluit te doen



Ian Small-Smith en Dirkie Laas geniet 6 Cokes voor die Tuckshop.

Foto: Eduard Büchner

Wat is jou droom as hoofseun?
Ek wil graag 'n liefde vir die skool in elke Grey-seun se hart kweek. Ek wil ook graag aan almal wys dat ten spyte van die negatiewe publisiteit, dat Grey aanhou veg en groei en dat die seuns van die skool die skool sal dra deur enige iets.

Beskryf die oomblik: "Hoofseun vir 2019 is Ian Small-Smith"
Dit het onwerklik gevoel. Alles het

dof geword en ek het regtig gevoel asof ek in 'n fliek is. Eers toe ek op die verhoog kom het die blydskap ingeskop.

Wat se invloed het jou broer, wat vroeër hoofseun was, op jou?
Baie van wat ek weet en glo kom van hom af. Ons praat met mekaar oor die lewe. Al van jongs af wou ek graag in sy voetspore volg en hy het onbewustelik my geïnspireer om ook

te streef om hoofseun te word.

Wat is jou grootste struikelblok?
Tyd. Dit is onmoontlik om elke aspek van my lewe voluit te kan aanpak want ek het nie tyd vir alles nie.

Wie beskou u as 'n rolmodel en hoekom?

My pa en my boetie. My pa is my hero want my familie is werklik vir my belangrik en ek streef daarna om eendag so goed vir my familie te

wees soos wat my pa vir ons is. My boetie is ook van kleins af my hero en ek wou nog altyd net soos hy wees.

Watter fliks en televisie programme kyk jy graag?

Ek het so te sê ophou TV kyk in die koshuis, maar oor naweke volg ek graag my meisie se reekse saam met haar. Ek is ook 'n groot Harry Potter-aanhanger en ek is bitter opgewonde vir *Game of Thrones*-seisoen 8.



Gunsteling:

Kos:

Boks pap

Koeldrank:

Coke

Liedjie:

Hall of fame

Rugbyspan:

Cheetahs

Restaurant:

Col cacchios

Quote:

"There is no substitute for hard work." – Thomas Edison

REDAKSIË 2019

KERNREDAKSIE

Hoofredakteur

Dirkie Laas

Subredakteur: Nuus

Vladik Seagreen

Subredakteur: Sport

Gustav Pieterse

Subredakteur: Diepte

Waldo Reinach

Subredakteur: Joernaal

Bernard Scheepers

Subredakteur: Kultuur

Wiesner Hechter

Hooffotograaf

Eduard Büchner

NUUSREDAKSIE

Olwethu Sifumba Joshua Lowe

Reuben Müller Albrecht Botha

Gideon Bresler Pieter Marais

Wouter van Aswegen

Pieter-Schalk Grobbelaar

Francois Haasbroek

SPORTREDAKSIE

Daniel Edwards WJ Marais

Toni Cata Kaleb Lombard

Jurie Geldenhuys Renier Potgieter

Eddie Nieuwoudt

Bernhard Bührmann

DIEPTEREDAKSIE

Michael Beukes John Shaw

Joubert Potgieter Christi Myburgh

Ignus v Deventer Rynard Otto

KULTUURREDAKSIE

Chad Jongbloed

Mikael van Eschwege

JOERNAALREDAKSIE

Vrystuk

KUNSTENAAR

JP Jacobs

FOTOGRAWE

Eduard Büchner Daniël Marais

Leabua Seromo Emile Brönn

Matthew Fry

“Ons mikpunt bly wat hoogste is, ons wagwoord immers: STABILIS”

In every assembly, the last thing done by staff and learners, is to sing the school song: STABILIS. It is a proud Grey tradition.

Written by Mr PH Langenhoven and the tune created by Mr J Fourie, the school song has truly been cemented in Grey's traditions.

Under Mr AK Volsteedt's leadership did Grey College hear its first school song after 108 years, in 1962. Two country-wide competitions were held to determine the words and the tune of the school song respectively, with the latter having 32 entries.

The 32 entries were eventually narrowed down to 3 tunes chosen by Mr D De Villiers, Mr LT Shepstone, Mrs M Rousseau and Ms F Jaekel (singing teacher at the primary school). It was then decided that the school choir will sing to all 3 tunes leaving the final decision to the staff and Grey boys.

It was the tune submitted by Mr J Fourie, singing master at the high school at that time, that was chosen. The words of the school song were considered by the executive committee of the staff at a staff meeting held on the 2nd of February 1962, where the words submitted by Mr PH Langenhoven was adopted as the official school song.

The school song was dubbed “STABILIS”. The song was now complete and Mr Volsteedt's journal records the following entry on 5th September 1962: “Skoollied van Grey Kollege vandag amptelik in ontvangs geneem. Geskiedkundige en heuglike dag, want vir die eerste keer in 108-jarige bestaan van Grey Kollege het die skool nou n Skoollied.”

At the Prize-giving on the 11th of October 1962, the school song was officially sung for the first time.

- BENSON WU

Grey blows Midmar out of the water

Famous Mile and Westville Gala are highlights of annual calendar



20 000 swimmers compete in one of the world's greatest swimming event.

Photo: Supplied

The Midmar Mile is one of the biggest swim events in the country and it takes place at the Midmar Dam and Nature Reserve. In 2009 it was recognized as the world's largest open water swim event by the Guinness Book of World Records. Since then it has attracted over 20,000 competitors each year.

The event gains its name from the location where it takes place, the Midmar Dam which is located near Howick just north of Pietermaritzburg. The swimmers swim out in 5 groups at three-minute intervals in 8 separate mile

aces over two days. The group the swimmer is placed in depends on the qualifying time of the previous event with the fastest group leaving first. The first Midmar Mile was swum in 1973 and 153 people competed. In 1981 the event grew to over 3,000 competitors and it is still growing. The most recent event held on the 9th & 10th of February had set a new record of 21,647 entries.

There have been concerns about the safety of the swimmers but the dam is very safe for swimmers. The dam is Bilharzia free and no boats may be driven on the water during

the event. Swimmers have always enjoyed the outing and the Midmar Mile can be seen as a fun and friendly event.

Mr Machts - involved with swimming at Grey - says the following: “Grey has participated in the Midmar Mile since the early 90s.” He recalls that Ryk Neethling, old Grey and Olympic Gold medalist, won the Midmar Mile two years in a row and Louwrens Appelcryn came second. On the weekend the Grey swimmers participate in the Midmar Mile, they also participate in the Westville Boys' High School

Invitational Gala on the Friday evening. The Westville Gala is one of the most prestigious annual relay galas in South Africa. Grey usually takes second place at this gala, and they are beaten only by Westville Boys' High School, whose swimming team is unbeaten across all galas it has competed in since 2008.

The Grey College swim team's participation in both the Midmar Mile and the Westville Boys' High School's Invitational Gala has become a steadfast tradition and the highlight of the swim calendar.

- JOHN SHAW

Demokrasie is almal se verantwoordelikheid

Die jeug van Suid-Afrika het baie min vertroue in die politieke partye en die politieke leierskap van Suid-Afrika.

By navraag reken van die Engelse Graad 12 seuns dat dit 'n mors van tyd is om te stem. Hulle argument is dat hulle ouers lojaal is teenoor sekere politieke partye en dus weer sal stem, maar dat korrupsie, staatskaping en swak leierskap hul sal weerhou om vir 'n hele paar van die politieke partye op die kieserslys te stem. Hoekom is dit belangrik vir die jeug om betrokke te raak in die

politieke landskap van Suid-Afrika? Navorsing wys dat jong mense hoë verwagtinge het van die politiek en van demokrasie, maar hulle ervaar politiek as verwarrend en vreemd.

Navorsing wat deur Ipsos gedoen is aan die einde van 2018 toon dat 40% van Suid-Afrikaners betwyfel die integriteit en die funksionaliteit van die politieke partye in Suid-Afrika. Teen 22 Januarie 2019 het slegs 16% van die 18 - 19 jariges wat in aanmerking kom om te stem, geregistreer, en

slegs 54% van die 20 - 29 jariges. Hierdie twee jaargroepe, wat as 'die jeug' beskou word, is die helfte van die Suid-Afrikaanse kiesers - 17.7 miljoen van die 36 miljoen Suid-Afrikaners wat mag stem.

As jongmense stem kan hulle hulle stempel afdruk op die politieke landskap van Suid-Afrika. Deur te registreer en deur te stem kan hulle politieke partye verantwoordbaar hou en kan hul verseker dat die partye waarvoor hulle stem, woord by daad hou.

Demokrasie is 'n werkwoord. Net soos enige iets anders, as jy nie bereid is om te werk vir dit waarin jy glo of dit wat jy wil hê nie, gaan jy dit nie kry nie. As jy nie aktief deel is van die verkiesing nie, kan jy nie verwag dat die uitkomst van die verkiesing vir jou na wense sal wees nie. Demokrasie is, per definisie, die verantwoordelikheid van elke persoon wat kan stem.

Thomas Jefferson het gesê: 'We do not have government by the majority, we have government by the majority who participate.' Deur te stem, bemagtig die jeug hulself om die toekoms van Suid-Afrika te bepaal en die rol wat hulle daarin gaan speel.

- WALDO REINACH



Stem sodra jy oud genoeg is.

Foto: Verskaf

Time constraints are always an issue

At Grey there is always the issue of time. Time for culture, sport, break and class is never enough. This issue of class time becomes even more prominent during a test week when tests are written in the morning and there is either a complete school day or half the periods on one day and the rest on another. So which would be more effective: A full day with all the periods made shorter, or two half days with periods of usual length or even longer?


The option of having a full day with shorter periods is probably simpler but it is less productive. On such days, periods are shorter than thirty minutes and the time

it takes to walk from class to class leaves little opportunity for work to be done. Teachers need at least forty minutes to deliver quality teaching.

The alternative is to space one day's periods over two days. This will result in the periods being even longer than usual. In first world countries like USA, Japan, Germany and Canada classes are forty to sixty five minutes in duration.

When questioned, Mr Alex Els answered that the reason for choosing the former - a full day of shorter periods - is that teachers prefer to see the learners daily, instead of only a few times a week.

- ARON ALVAREZ ARANDA



Harde werk bring beloning - net praat bring gebrek

EBooks lighten the load of learners

Technology brings a new dawn in modern education

Die matriekuitslae van 2018 toon dat die seuns die beste gevaar in vakke wat eintlik as die 'moeiliker' vakke beskou word. Vakke wat voorbeeld is hiervan is Wiskunde, Ingenieursgrafieka- en ontwerp en Rekeningkunde.

Kan die antwoord hierop wees dat die seuns wat wel die vakke neem, ekstra klasse bywoon om hul resultate te verbeter? Dit blyk om waar te wees van Wiskunde omdat seuns tydens ekstra klas die geleentheid kry om hul vaardighede te verbeter.

Die vraag bly nogsteeds onopgelos omdat die toppresterders in die onderskeie 'moeilike' vakke nie eers noodwendig ekstra klasse in spesifieke vakke neem nie.


Volgens Mnr Piet Wessels is dit omdat Rekeningkunde en Ingenieursgrafieka- en ontwerp spesialisvakke is, wat beteken dat seuns die vakke neem met die oog op verdere studie in die gebied. Hulle beskou dit dus as baie belangrike vakke en werk dus harder aan die vakke.

Miskien is dit nie net die idee van verdere studie wat maak dat seuns harder leer vir die vakke en nie juis so hard vir die ander nie. Miskien is dit omdat die vakke 'n reputasie het as moeiliker vakke en dus spandeer leerders meer tyd daaraan.

As 'n vak bekend staan as 'n moeilik vak, werk seuns dalk net harder daarin en spandeer meer tyd aan die vak, en as 'n vak as 'maklik' bekend staan, dink 'n seun outomaties dan die vak nie soveel aandag verg nie.

Dit wys dat daar harder gewerk word aan dit wat in die toekoms voordelig sal wees.

- IGNUS VAN DEVENTER



Ipads and tablets threaten to replace the traditional textbook.

Photo: Supplied

Since the dawn of a new technological era, we have encountered many changes to our everyday lives.

Ebooks have changed education - how learners are taught and how they learn. Ebooks were created with the main goal of modernizing and simplifying education.

At first there were smartboards in classes and now the school has launched an Ebook programme to keep up to date with modern ways of learning. The application is accessible through any Ipad or tablet and it will only require an active

internet connection. All the books you will need for the year can then be purchased through the app.

Some teachers are not fully supportive of Ebooks because they can't always tell if a learner is busy with work or with something else on his tablet. The learners, however, enjoy the Ebook system because it is modern and easily accessible.

It also lightens the load of carrying heavy textbooks in their book bags. On the flipside, there is a greater risk of the device being stolen. Most of the Grey College learners are

still using the traditional textbooks, but the modern trend of using Ebooks instead is expected to grow. Some learners also have complaints that they find it challenging learning from a screen rather than a book.

On the website Debate.org people have mixed opinions about Ebooks replacing the traditional textbook. One opinion is that learners have universal access to everything, that Ebooks are never out of stock and there is no wait on shipping or delivery. They are environmentally friendly and a lot easier to transport.

Also there is more non-fiction to read. For these reasons, students need eBooks

Another opinion totally disagrees. Ebooks have many benefits but their disadvantages can't be ignored. It can lead to a weak eyesight. They are too expensive to buy for those who struggle financially and therefore textbooks should not be replaced by Ebooks.

Many schools in South Africa have implemented the Ebook system with great success.

- JOHN SHAW



BORN TO LEAD.

As the only approved BMW dealership in Bloemfontein, Kimberley and Bethlehem, no one is better equipped and more passionate than Sovereign to give you - and your BMW - the treatment you rightfully deserve. In our showroom, we have a wide selection of new and BMW Approved Used Cars and offer a full range of services including Original BMW Parts, state-of-the-art service bays and BMW Financial Services. Whatever you need, be it a test drive, an evaluation, a service or a change of tyres, we're a phone call or email away.

Call us today on 051 400 0000.

Sovereign
Cnr Charles and First Avenue, Westdene
Bloemfontein
Tel. 051 400 0000
www.bmw-sovereign.co.za

BMW Financial Services (South Africa) (Pty) Ltd. is an Authorised Financial Services & Registered Credit Provider NCRCP2341.

DigiTV bring die aksie tot by jou voorstoep

Die media bied talle vermaaklike en vervullende beroepe. Die uitsaaimedia behels verskillende platforms en DigiTV is een voorbeeld hiervan. Grey-seuns kry hier die geleentheid om praktiese ondervinding op te doen.

DigiTV het 'n platform geskep waar skole hul eie video-inhoud kan besit en vervaardig. Hierdie video-inhoud word dan uitgesaai op die skool se unieke, aanlyn televisiekanaal. Gebeurtenisse en aktiwiteite word lewendig bebeeldsind aan ouers, familie en vriende en oud-skoliere. Nie net stel DigiTV ons in staat om groot wedstryde in werklike tyd te ervaar nie, maar ook akademiese en kulturele inhoud kan opgelaaai word. Alle inhoud word deur die leerders van Grey hanteer, onder toesig van 'n DigiTV regisseur.

Jano van der Walt is een so leerder van Grey wat betrokke is by DigiTV. Volgens hom bou dit selfvertroue en karakter en doen hy ondervinding op vir as hy eendag 'n soortgelyke beroep wil betree. Jy ontmoet baie mense en op die manier leer jy die vaardigheid aan om met enige iemand oor enige iets te kan praat. Die enigste nadeel is dat die video-opnames baie van sy tyd opneem.



DigiTV is beskikbaar op alle platforms.

Foto: Verskaf

Deur 'n maandelikse fooi te betaal kan oud-Greys, ouers en leerders na alles kyk wat by Grey gebeur. Dit is nie net eerste-spanwedstryde wat uitgesaai word op Grey se unieke DigiTV-kanaal nie, maar ook ander fasette van Grey. Meeste skole in die land beskik oor hierdie DigiTV kanaal.

Leerders wat deel is van die DigiTV-span doen dit as 'n buitemuursaktiwiteit. As hul meer as 100 uur betrokke was by DigiTV-bedrywighede, ontvang hul


'n kleuretoekenning en 'n das by Grey se prysuitdeling. Dit dien as motivering en blootstelling vir ander leerders van Grey om betrokke te raak by die uitsaaibedryf.

Leerders word bemagtig om videos op te neem en leer hoe om met kameras en klank te werk. Volgens Jano van der Walt is DigiTV 'n wonderlike geleentheid om alle fasette van Grey uit te beeld - nie net op die sportveld nie, maar ook in die musiekklas of op die skaakbord.

- JOUBERT POTGIER

Grey gentlemen don't need rules maar die gedragskode is 'n goeie maatstaf

Kan jy opstaan en jou pakslae (detensie) soos 'n man vat?



A Grey gentleman does not need rules, die bekende slagspreuk wat deel vorm van 'n Grey-seun se identiteit... Maar wat doen 'n mens met 'n splinternuwe Grey-leerder, dié wat nog soos laerskool ruik? Hulle word tog nie oornag Grey-gentlemen nie? Vir hierdie gaping het Grey gelukkig 'n oplossing... Die Code of Conduct.

Een van Grey se vernaamste maatstawwe is vir seker sy Code of Conduct, maar wat presies behels dit? Wat beteken dit vir ons, die leerders? Hang hierdie gedragskode soos 'n swaard oor ons koppe? Alles goeie vrae.

'n Gedragskode is 'n stel reëls wat die sosiale norme, godsdienstige pligte en verantwoordelikhede van 'n individu saamstel. Hierdie beginsels, waardes, standaarde of reëls van individue se gedrag word weer as riglyne gebruik vir die neem van besluite en die hantering van dag-tot-dag sake. Gevolglik kan dit beskryf word as die absolute kernwaardes van enige instansie.

Vir nuwe leerders is dit die goue handboek van ALLES wat 'n Grey-gentleman moet weet: Hoe jy moet lyk. Hoe jy jou in die openbaar moet gedra. Hoe 'n mens jou mede Grey-



leerders behandel. Wat die toepaslike gedrag teenoor onderwysers is. Alles wat van 'n Grey-seun 'n gentleman maak, word in hierdie gedragskode saamgevat. Indien leerders ooit twyfel of hulle 'n saak op die korrekte manier benader, kan hulle gerus hierdie gesogte stel reëls raadpleeg.

Maar waar spoor jy dié lywige dokument op? Nou nie dat die meerderheid hiervan bewus is nie, maar die Code of Conduct is inderwaarheid agter in die Greydagboek beskikbaar in Engels, sowel as in Afrikaans! Kan jy nou meer?! Om daardeur te werk, mag voel of jy

vir 'n geskiedenisstoets leer, so daar is 'n makliker manier. Onderwysers haal daagliks one liners uit die gedragskode aan: om betyds by die klasse te wees; om op te staan as 'n volwassene die klaskamer betree; om hoflik teenoor vreemdelinge te wees; die lys gaan aan. In kort: luister 'n slag na die onnies!

Helaas het elke Grey-seun 'n keuse. Tot 'n mate is dit 'n toets vir hoe jy eendag die grootmenswêreld gaan aandurf. As jy op skool leer om binne 'n bepaalde raamwerk te funksioneer, sal jy na skool mos 'n regsgehoorsame burger wees, of

hoe? Kom ons wees eerlik – enkele leerders waag dit nou en dan om oor die lyn te trap. Soms is hulle so ver anderkant die lyn dat die lyn soos 'n kolletjie lyk.

Ons generasie leef in 'n tyd van beproewing en boonop beproef baie van ons, ons onderwysers se geduld. Om 'n selfoon onder 'n handboek te gebruik is nie meer 'n kuns nie en Tuckshop-besoek tydens periodes is nou 'n algemene skoolmisdaad.

Dit is juis dan waar die ware toets inkom: is jy 'n Grey-seun wat kan opstaan en jou pakslae (detensie) soos 'n man kan vat?

De Oude Kraal is rustic en elegant

Net 30 km buite Bloemfontein lê die plaas van oom Gerhard en tannie Marie Lombard: De Oude Kraal. Hierdie juweel is onomwonde die beste plek in die Vrystaat om 'n lekker eet-entspan ervaring te hê. Van hul ongelooflike lekker skaapbiltong met skaapmelkkaas en granate tot hul tamatiesop en brood. Daar is iets vir ieder en elk.

Die geskiedenis van die plaas, wat oom Gerhard graag deel, is ook ongelooflik interessant. In hul tradisionele plaashuis, wat nou as onthaal-area gebruik word, kry mens 'n ongelooflike nostalgiese gevoel met die Grasberg wat voor jou tot in die verre vlaktes hardloop en wilde diere wat loop en wei. Jy word in die ou, tog moderne voorportaal van die stoor ontvang. Die personeel is baie hoflik en altyd bereid om jou te help. Daar is 'n verskeidenheid eet-ervaringe te kies en te keur.

Op Sondagmiddae is daar 'n groot buffet met 'n droom van 'n verskeidenheid hoof-, voor- en nageregte. Daar is ook die alombekende vyf- en sewegang maaltye, waar wêreldklas disse met wynparings bedien word. Laatmiddae word koek en tee voorgesit. Dit klink dalk eenvoudig, maar met meer as 20 verskillende koeke en 14 verskillende tees en koffie, is dit beter as 'n Britse "high tea".

Jy kan ook op 'n wildrit gaan en piekniek in die veld hou. Tannie Marie, oom Gerhard en hul dogter, Mari-Louise, werk onverpoos om hul restaurant se goeie naam en beeld uit te brei, en hul benoeming in die "2018 SA's Top 50"-lys is 'n bewys van hoe goed hulle hulself van hul taak kwyt. Wie het nou nodig om Kaap toe te vlieg vir die eet-ervaring van 'n leeftyd as jy by De Oude Kraal kan aanklop?

REVIEW

Breathtaking graphics add to this epic film

Genre: Adventure, Fantasy
Rating: PG-13
Directed by: James Wan
Studio: Warner Bros. Pictures

Warner Bros. Pictures and DC Films returned with Aquaman in December 2018 and this film takes place after the events of Justice League where half-human Arthur Curry, half-Atlantean Aquaman finds himself heading to Atlantis to stop his half-brother Orm (Patrick Wilson) from declaring war upon the humans of Earth.

The people from Atlantis are furious with the humans polluting the waters of the oceans and the surprising strained relationship between Aquaman and Orm, resembles the similar family relationship in Marvel's film Black Panther between the film's hero and antihero.

Director James Wan, known for horror movies like Saw, The Conjuring and Insidious, created visually, breathtaking underwater effects and a fresh take to the action scenes in the world of the seven seas in Aquaman. Jason Momoa, known for his role as Khal Drogo in the first two seasons of HBO's television series Game of Thrones, dazzles as

the iconic Aquaman and has turned people's opinion of him, a guy with the ability to speak with fish, that Aquaman is the guy to be reckoned with in the DC Extended Universe. Willem Dafoe, previously playing in Marvel's Spiderman as The Green Goblin, doesn't play the villain for a



change, but returns to DC Films as Vulko, a mentor to Aquaman.

DC Films has the ability to introduce strong female characters starting with Wonder Woman. Amber Heard shines in her role as princess Mera with her bright red

hair and has the ability to control water, which Wan created with great visual effects. She creates the balance with Aquaman with some intelligent thinking and their budding relationship is definitely a highlight of this movie.

Nicole Kidman stars as Queen Atlanna, Queen of Atlantis and mom of Aquaman and looks every bit her role. When princess Mera and Aquaman were swept apart by a maelstrom, trying to get the Trident of Atlantis, queen Atlanna saves princess Mera and tells Aquaman what he needs to do to get the Trident of Atlantis, which will bring them back to save Atlantis.

Make sure you have enough popcorn watching Aquaman, as it has a running time of 2 hours and 23 minutes, almost half an hour longer than Justice League. The film scored 66% with Rotten Tomatoes and has an audience approval of 77%. The budget for Aquaman was planned around \$160 million, with the total expenses running at \$320 million and Warner Bros. celebrated with their monumentally successful earnings of \$1,139 billion at the box office world-wide. Aquaman is a must-see film, as it made a big "splash" world-wide!

OUR SMART OFFICE SOLUTIONS **ITEC**

HARDWARE

- Multi-functional Printers (copy, print, scan & fax)
- Laptops
- Wi-Fi and Network Products
- PC Components
- CCTV
- Access Control
- Clock-in-System (Biometric)
- Plotters
- Shredders
- Binders
- Generators
- Riso (Duplicator)

SOFTWARE

- Cost Saving solutions including:
- Electronic Archiving (M-Files)
- Print Direct
- Document Navigator

TELECOMS / PABX SYSTEMS

- VOIP Solutions
- IP Telecoms (MTEL)
- Samsung PABX
- Siemens PABX
- Vodacom Solutions

VALUE ADDED SERVICES

- Impact Choice - Carbon Offset Environmental Awareness Solution
- Sentry - Automated Service Notification Advantage
- Consumables Sales - A3 & A4 Paper, Cartridges, Toners & Staples

Service

- Our Service delivery standards is our outright advantage and strengths.
- We consistently deliver on turnaround times of 2 to 4 hours in our region which is far better than the industry norm.
- Many of our technicians holds the highest levels of certification with our international suppliers and count amongst the most qualified people in their field in SA.
- Our Service Department consists of well over 40 Hardware, Software, IT Technicians as well as Service Controllers and Drivers.

051 446 2440
www.itecfreestate.co.za

**INTERSKOLE:
HTS Middelburg
& Landboudal**



RUGBY

Eerstespan	wen	81-8
Cherries	wen	43-7
Derdespan	wen	44-16
Vierdespan	wen	49-12
Vyftdespan	wen	59-0
Sesdespan	wen	61-0
Sewendespan	wen	68-0
Agstespan	wen	54-10
o/16 A	wen	63-0
o/16 B	wen	65-0
o/16 C	verloor	10-14
o/16 D	verloor	10-15
o/15 A	wen	41-5
o/15 B	wen	68-0
o/15 C	wen	47-3
o/15 D	wen	63-0
o/14 A	wen	68-0
o/14 B	wen	50-0
o/14 C	wen	48-19
o/14 D	wen	64-5

HOKKIE

Eerstespan	wen	7-0
Tweedspan	wen	18-1
o/16 A	wen	6-1
o/16 B	wen	8-1
o/14 A	wen	13-0
o/14 B	wen	8-0

Swemmers bevestig talent by Westville

Basis vir sukses lê in goeie voorbereiding en harde werk



Wiaan Serfontein, puik graad 10-swemmer, in aksie tydens die borsslag-item.

Foto: Verskaf

In die eerste week van Februarie het twaalf van die land se top swemskele dit uitgespook of eerder "uitgespat" tydens die jaarlikse Westville-gala in Durban. Grey stel nie teleur nie en stap met die silwer medalje weg.

Joshua Hamilton, kaptein van die swemspan, sê: "Ons uitstekende uitslae by vanjaar se Westville-gala

kan toegeskryf word aan goeie voorbereiding en harde werk."

Dit bly egter ook belangrik om te onthou dat, veral by 'n aflossing, spangees 'n baie belangrike rol speel. Joshua sê: "Omdat baie van ons al jare saam Westville toe gaan, is ons almal deel van 'n broederskap."

JP Seyffert sê: "Durban het baie

talent, maar die Bloemfonteiners se spangees kan nie ge-ewenaar kan word nie. Die Vrystaat spog met baie topswemmers."

Me Helené du Toit, hoof van swem by die skool, het die volgende kommentaar gelewer oor die seuns se ambassadeurskap tydens die Westville-gala: "Die terugvoer oor

die swemmers se gedrag is elke jaar ongelooflik positief."

Daar is ook verneem dat sy, na baie jare, binnekort gaan terugstaan by swem. Sy sê: "Swem lê my baie na aan die hart en ek gaan dit baie mis. Baie dankie aan die swemmers vir my rose!"

- KALEB LOMBARD

Joubert presteer op wêreldwye verhoog

Joubert Klopper, puik tennisspeler, is tans derde in Suid-Afrika in die o.19-ouderdomsgroep.

Joubert het al op verskeie kontinente sy tennisvernuif ten toon gestel. Melbourne in Australië, waar hy in die Australiese Ope gespeel het, was tot dusver sy gunsteling. Hy beskou dié toernooi as die hoogtepunt in sy loopbaan. Met die dubbels het hy en sy spanmaat tot by die tweede ronde gevorder.

Joubert se tennistoekoms lyk rooskleurig. Hy wil graag vir verdere studies na 'n kollege in Amerika gaan en om sy tennisloopbaan daar voort te sit. Hy hoop om op dié manier sy groot droom te verwesenlik en dit is om tot by Wimbledon te vorder.

- RENIER POTGIETER



Joubert Klopper, Junior Australiese Ope-kwalifiseerder.

Foto: Verskaf

Puik swemmer kwalifiseer vir Jeug Olimpiese Spele

Gawie Nortjé het die uitsonderlike prestasie behaal om aan die Jeug Olimpiese Spele deel te neem wat in Buenos Aires plaasgevind het vanaf die 6de tot 18de Oktober 2018.

Die hoogtepunt van die Spele vir Gawie was dat dit hom die geleentheid gegee het deel te neem teen die beste swemmers in die wêreld en dat hy aan homself kon bewys dat hy op daardie vlak kan kompeteer.

Die positiewe gees en atmosfeer tydens die Spele kry mens volgens Gawie ook nêrens anders op aarde

nie. Hy het uitstekend presteer deur gekies te word vir die Junior Wêreld Kampioenskappe wat gehou gaan word in Budapest in Augustus 2019. Sy heel beste prestasie tot dusver was egter om te kwalifiseer vir die 2020 Olimpiese Spele in Tokio, Japan.

Gawie se wenresep is baie harde werk. Hy oefen 2 tot 3 ure elke dag in die Kopsie-swembad, selfs in die winter. Dit is natuurlik in die Vrystaatse winter nie altyd maklik nie. Die sleutel tot sy sukses is sy onwilligheid om moed op te gee en

sy ouers en afrigter wat hom te alle tye ondersteun en motiveer.

Volgens Gawie is dit belangrik om altyd nederig te bly en om jou oë op jou Skepper te hou. "Jy kan nooit moed opgee nie en jy moet in jouself glo. Enige iets is moontlik selfs al is daar struikelblokke." Gawie het aan sy eerste gala deelgeneem toe hy 10 jaar oud was en sy eerste noemenswaardige prestasie was sy eerste goue medalje by die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe in 2014.

- GUSTAV PIETERSE



NWU
NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA



COLLECTING CASH FOR SCHOOL ACTIVITIES IS SO OLD SCHOOL

The Karri app is an easy and safe way to collect and manage payments for school activities.

We understand the challenges schools and teachers face when it comes to receiving and reconciling small ad hoc cash payments for school activities.

The new Karri mobile payment app allows schools to easily collect payments from parents. This eliminates cash transactions and also provides a management system that reconciles all payments, in one place.

Schools can also schedule ad hoc activities and notify parents in advance so that they can make quick, safe and easy payments on the app.

LINK YOUR SCHOOL TODAY - GO TO KARRI.CO.ZA and reduce administrative complexities and cash handling onsite.

see money differently

NEDBANK

Nedbank Ltd Reg No 191/7900004/06. Authorized financial services and registered credit provider (NCCPRA).

Slegte weer kon nie 'n demper op byeenkoms se gehalte plaas nie

Dit was nie net die weer wat vir drama gesorg het tydens die eerste Dreyer Campbell Atletiekbyeenkoms aan die begin van Februarie 2019 nie. Hierdie byeenkoms het plaasgevind in Pretoria in die middel van die somer-reënval-seisoen.

Donderweer het die byeenkoms vir 'n redelike tyd lank onderbreek en daarna is dit op 'n redelike nat baan voortgesit, alhoewel sommige items nie kon plaasvind nie. Die byeenkoms wat aangebied is deur Hoërskool Waterkloof by Tuks, het egter steeds vir opwindende atletiek gesorg.

Atlete uit vier provinsies het aan die byeenkoms deelgeneem en volgens mnr. Anton Smit, hoof van atletiek by die skool, is dit die ideale geleentheid vir seuns van Grey Kollege om hulle talente teen ander top-skole in die land te meet.

Hierdie skole het ingesluit Afrikaanse Hoër Seuns- en Meisies van Pretoria, Hoërskool Nelspruit, Hoërskool Kemptonpark, Wynberg Boys High van Kaapstad, Zwartkop Christian School en die TUKS 'Academy'.

Soos altyd het die 68 Grey-manne hulle uitstekend op en van die baan van hulle taak gekwy. Wikus Vosloo, die spankaptein sê: "Ek was, soos altyd, trots daarop om deel van hierdie geleentheid te kon wees. Die manne het hulle goed van hul taak gekwy".

Een van ons atlete wat besonder goed presteer het, is Xander Human (o/14), wat met 'n afstand van 48,76m in die diskus-item, 1200 punte op die ABSA tabel behaal het. Slegs drie atlete kon hierdie besondere prestasie behaal.

- JURIE GELDENHUYS

Selborne-sege wys dat goeie vordering volhoubaar is

Vides-toernooi se vyfde plek is die beloning



Franco Labuschagné is een van die uitblinkers in die eerstespan.

Sukses is behaal in die afgelope Selborne Vides Waterpolo toernooi, onder die leiding van 'n nuwe breier.

Die kapteins van die eerste waterpolospan, Daniel Williams, JP Seyffert en Enrico Coetsee is dit eens dat die sukses wat behaal word, toegeskryf kan word aan die nuwe afrigter David Mackenzie, 'n skitterende speler in eie reg, asook 'n prominente persoon in nasionale waterpolo-kringe. Hul sê die Vides-naweek se sukses kan toegeskryf

word aan goeie afrigting, harde werk, fiksheid en broederskap in die water. Die manne het met reg gesê, dit was eers met ongeloof en toe met absolute vreugde, dat hul besef het hul het vir Selborne vir die eerste keer kon wen, sover vasgestel.

Die span het 'n skitterende 5de plek behaal uit 20 van die top waterpolo-skole. Hulle poging om vir die finale te kwalifiseer is egter gekniehalter deur naelskraapse nederlae teen Grey Port Elizabeth en

Paul Roos, wat albei onder die top 10 spanne in die land is. Die drie graad 12-leerders is baie opgewonde oor die toekoms van Grey se waterpolo en sê dat daar baie diepte in die span is onder die jong spelers. Enrico sê: "Ons het 'n baie goeie spangees. Ons glo dat dit ons kan lei om verdere doelwitte te behaal, soos om 'n medalje vir Grey huis toe te bring en om onder die top 10 skole te wees aan die einde van die 2019-seisoen".

- WJ MARAIS

ATHLETICS FS Championship

FIRST PLACES

Xander Human	u/14	Discus
Diesel van Dyk	u/14	Shot put
Ethan Muller	u/15	100m
Ethan Muller	u/15	200m
Alec McIntyre	u/15	100m hurdles
Nelio May	u/15	Long jump
Aron A Aranda	u/15	Discus
Aron A Aranda	u/15	Shot put
Lucky Moleyane	u/16	100m
Lucky Moleyane	u/16	200m
DJ Liebenberg	u/16	Discus
Lian vd Merwe	u/16	400m hurdles

SECOND PLACES

Xander Human	u/14	Shot put
Diesel van Dyk	u/14	Discus
Diesel van Dyk	u/14	Hammer throw
Martin Botha	u/14	Javelin
JJ Holtzhausen	u/14	800m
JJ Holtzhausen	u/14	1500m
Aron A Aranda	u/15	Hammer throw
SJ Marais	u/15	110 hurdles
SJ Marais	u/15	330m hurdles
Lian vd Merwe	u/16	110m hurdles
Sebastian Meyer	u/16	Javelin
J-M Trichard	u/16	400m hurdles
Jarrold Brown	u/17	400m

THIRD PLACES

Reatile Sedikane	u/14	100m
Jacobus le Roux	u/14	100m hurdles
Jochanon Jonker	u/14	Javelin
Janco Scheepers	u/15	100m
Janco Scheepers	u/15	200m
Delport Botha	u/19	800m
Melt Meyer	u/19	Shot put

Nuwe afrigter mik na deurlopende spelstyl op hokkieveld

Grey Kollege het aan die einde van 2018 'n nuwe direkteur van hokkie en eerstespan-afrigter, mnr Anthony Woodhouse, aangestel.

Nie alleen het hy provinsiaal van o/16-vlak reg deur tot op senior manshokkie-vlak gespeel nie, maar het hy ook vir 'n seisoen internasionale ondervinding as deel van Royal Oree T.H.B., 'n span in die Belgiese Premierliga, opgedoen.

Volgens mnr Woodhouse het hy altyd geweet dat die oorgang vir hom van speler na afrigter baie natuurlik sou wees. "Ek was maar nog altyd 'n hokkie 'nerd' wat regdeur my speller-loopbaan so veel as moonlik kennis

oor hokkie wou opdoen," sê hy.

Hy was vyf jaar aan die stuur van Crawford College Lonehill se eerstespan, afrigter van die Universiteit van Johannesburg se tweedespan in 2014 en 2015 en assistent-afrigter van hul eerstespan vanaf 2016 tot 2018. Hy was Suid-Gauteng se o/16A-afrigter in 2015 en 2016 en assistent-afrigter van Suid-Gauteng se o/18A-span in 2017 en 2018.

Die kern van mnr Woodhouse se afrigtingsfilosofie wat hy na Grey toe bring, is dat afrigting op skoolvlak hoofsaaklik oor opvoeding gaan. "Hier leer seuns vaardighede

soos tydsbestuur, mededinging, werksetiek en hoe om met grasie te wen of te verloor," verduidelik hy. "Dit is alles vaardighede wat sukses in die wêreld daarbuite kan bewerkstellig." Hy glo daaraan om net soveel klem op waardes, as op hokkie te lê.

Mnr Woodhouse het baie duidelike doelwitte vir Grey-hokkie, waarvan die grootste is om 'n deurlopende spelstyl regdeur die skool te vestig, om diepte en 'n verstaan van hokkie onder spelers te kweek en om aan alle spelers die geleentheid te bied om as mense en spelers te groei. Hy werk nou saam met die afrigtingspersoneel om dit te bereik. Wat resultate aanbetref, wil hy graag voortbou op die uitstekende resultate wat Grey in alle ouderdomsgroepe gedurende 2018 behaal het. Oor die langtermyn streef hy daarna dat Grey se A-spanne konstant in die Top 5-10 hokkieskole in Suid-Afrika sal tel.

Sy vars benadering is reeds in die voorseisoen ervaar. Heinko Hansen, eerstespan-hokkiespeler, glo dat dit 'n baie suksesvolle proses was waar almal genoeg kans gehad het om hulself te bewys. "Ons is meer kans gegee as in die verlede," volgens Heinko. Die nuwe afrigter is ook volgens Heinko baie gefokus op fiksheid en wil graag hê dat sy span die fiksste in Suid-Afrika moet wees.

- BERNHARD BÜHRMANN



Mnr Anthony Woodhouse bring passie en baie jare se ervaring as nuwe direkteur van hokkie. Foto: Eduard Büchner

MEDICLINIC
BLOEMFONTEIN

24-UUR NOODSENTRUM
0800 051 051

ONS NOODSPAN STAAN REG OM TE HELP IN ENIGE MEDIESE NOODGEVAL.

KUNDIGHEID WAT JY KAN VERTROU.

CALGRO M3

OFFICIAL SPONSOR OF GREY COLLEGE SOCCER



SPORT

swem

Gawie Nortjé kwalifiseer vir twee Wêreld-speles

Puik swemmer bespreek reeds sy plek by die Olimpiese Spele wat in 2020 in Tokio, Japan plaasvind.

Bladsy 10

waterpolo



Eerstespan lewer bewys van harde werk en deursettingsvermoë deur eerste keer met Selborne af te reken.

Bladsy 11

tennis

Joubert speel ook in die junior AO



Bladsy 10

hokkie

Woodhouse neem oor as direkteur

Daar kan voortgebou word op 'n goeie fondament wat die afgelope paar jaar by die eerste hokkiespan gelê is.

Bladsy 11

atletiek



Atlete presteer op nat bane in Pretoria

Bladsy 11



Official sponsor of Grey Rugby

No luck, lots of talent

Lucky Moleyane rewrites the record books in the u/16 sprints

The athletics season got off to a familiar start with the annual Grey Championship during the second week of the new school year. The biggest highlight of this meet was probably the amazing record-breaking feat of Lucky Moleyane.

In the under 16-age group, Lucky broke two long-standing records, set by Ian Small-Smith in the early 1980's. In the 100m sprint, Lucky broke the record with a time of 10,6 seconds, improving on the existing mark of 10,8 seconds. In the 200m sprint, his time of 21,49 seconds was a huge improvement on the current record of 22,1 seconds.

Lucky was born in Bloemfontein and attended Kruitberg Primary School from grade 1 to grade 6, before being accepted as a Grey College Primary learner in grade 7. Lucky says, "I have always enjoyed the sprints and participated in the 60m and 80m sprints at junior level. I never won, but finished in the top four most of the time."

During his grade 6 year the idea of becoming a good sprinter established itself in Lucky's mind.

In his grade 7 year he participated in a variety of meets, winning the 200m sprint at the SA Primary Schools. He also won a silver medal in the 100m at the same event. He participated in the national junior championships in both grade 6 and grade 7.

Of his record-breaking feat at the Grey Championship his comment is as follows, "I was so happy with this achievement! I have to admit that it was my intention to break one or both records and that I worked very hard towards achieving that goal. It was definitely a great highlight in my athletics career, but hopefully one of many to come."

Lucky is coached by well-known sprint coach Elinda Vorster. He has the highest regard for the level of her coaching and says, "She has been my coach for more than two years. She is very good at motivating me to work hard and I enjoy working with her as a coach and as a person."

Is Lucky possibly the next Wade van Niekerk? He says, "I would like to participate in athletics on a professional level. Time will tell."

- GUSTAV PIETERSE



Lucky Moleyane is the new record holder for the boys u/16 100m and 200m sprint events. He improved on the existing records, which stood for more than 30 years. Photo: Supplied



PROUD SPONSOR OF GREY COLLEGE RUGBY

